# Drie sektore kry handveste

## Telkaart-teiken tot 30% opgestoot

Die eerste drie bemagtigingshandveste van spesifieke sektore is in die afgelope week deur die departement van handel en nywerheid bekragtig en is dus nou wetlik afdwingbaar.

Dié sektore is konstruksie, toerisme en bosbou.

Voorheen was die departement van handel en nywerheid se bemagtigingskodes die enigste afdwingbare voorskrifte wanneer daar vasgestel moes word of ondernemings aan bemagtigingsvereistes voldoen.

Die sektore moes egter in sommige gevalle veranderinge aanbring aan die oorspronklike handves wat die rolspelers in die bedryf onderling beding het.

In die toerismebedryf, byvoorbeeld, bepaal die amptelike weergawe van die handves nou dat net ondernemings met 'n omset van minder as R2,5 miljoen van bemagtigingsvereistes kwytgeskeld word. Voorheen was dit ondernemings met 'n omset van R5 miljoen.

BEMAGTIGINGSAKE

Dit beteken dat ondernemings met 'n omset van tussen R2,5 miljoen en R5 miljoen nie meer outomaties as bemagtigde ondernemings beskou word nie, maar dat hul bemagtigingstatus nou aan die hand van 'n telkaart bepaal moet word.

In die geval van die handveste van al drie sektore is die persentasie aandele wat in swart besit moet wees om volle erkenning vir eienaarskap op die bemagtigingstelkaart te kry, van 25% tot 30% verhoog. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die verhoogde eienaarskapvereistes net maatskappye in die drie sektore geld en nie hul verskaffers in ander sektore nie.

'n Konstruksiemaatskappy mag dus nie 'n vereiste aan sy verskaffers stel om swart eienaarskap van 30% te hê om vir kontrakte te kwalifiseer as sulke verskaffers nie deel van die konstruksiesektor is nie.

Net so sal klein verskaffers aan die toerismesektor wat nie ook in die bedryf is nie, steeds kwytgeskeld wees van bemagtigingsvereistes as hul omset minder as R5 miljoen is.

Die doel van spesifieke handveste vir sektore, pleks van die generiese bemagtigingskodes van die departement, is om sektore se unieke omstandighede in ag te neem.

Die finansiële sektor, byvoorbeeld, kan bankrekeninge met lae koste beskikbaar stel as deel van hul opheffingwbydrae, maar 'n konstruksiemaatskappy kan nie dieselfde doen nie.

■ *Dié artikel is die eerste in 'n reeks wat in die volgende 12 weke gaan verskyn as deel van 'n inisiatief saam met BEE2Business en die televisieprogram Ontbytsake op KykNET. Die eerste program is gister uitgesaai.*